waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE — JAARGANG 6, NO 10, OKTOBER 2000

REDAKSIONEEL

# U WOORD IS DIE WAARHEID

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel het op 7 Oktober sy eerste algemene ledevergadering gehou. Die vergadering het die konsepstatute wat laas maand gepubliseer is, onveranderd aanvaar en vasgestel. Die vakgroepe medies, regte en teologie het oor hulle werksaamhede gerapporteer. Professor GJC Jordaan het as gasspreker opgetree.

Professor Jordaan vestig in sy toespraak die aandag op twee 'ismes', die fundamentalisme en die anti-fundamentalisme. Hierdie besielende rede sal DV volgende maand in ons blad afgedruk word.

In die lewendige bespreking kom ook die vraag na die waarheid aan die orde. Baie moderne teoloë beweer: Gods Woord *is* nie die waarheid nie. Die Skrif moet waarheid *word*. Hoe gebeur dit volgens hulle? Die waarheid het nie deur openbaring van die Here, *eensydig*, tot stand gekom nie. Nee, die waarheid ontstaan slegs *tweesydig*, deur interaksie, in relasie tussen God en mens.

> *Baie moderne teoloë beweer: Gods Woord is nie die waarheid nie. Die Skrif moet waarheid word.*

Die gevolg van hierdie 'relasionele waarheid-geloof'? Elke mens wat die Woord lees, 'maak' sy eie waarheid. Elke 'skeppende' leser kom uiteraard tot 'n ander waarheid. Daar bestaan geen eenheid van 'gelowiges' nie, maar die grootste moontlike verdeeldheid. Daar ontstaan soveel 'waarhede' as wat daar Bybel-lesers is.

Alles wat in die Skrif staan, mag deur 'skeppende' lesers vrylik betwyfel word. Hulle maak oorvloedig van daardie 'vryheid' gebruik. Adam en Eva, ja alle historiese persone en gebeurtenisse wat in Genesis 1-11 beskrywe is, word na die ryk van die fabels, die mites, verwys. Die Heiland se geboorte uit die maagd Maria, sy borgtogtelike lyde en sterwe, sy opstanding en hemelvaart, die bestaan van engele en duiwels: almal fantasie. Leertug toepas? Nee, sê hierdie teoloë: Dit sou in stryd met die liefde wees.

Die norme in die Skrif? Ook dit moet deur interaksie, deur menslike insette by God se openbaring, norme *word*. Elkeen 'skep' sy eie norm. En elkeen tree dienooreenkomstig op en doen dus wat goed is in sy of haar oë. Die owerhede loop agter die relasionele waarheid-'skeppers' aan. Homoseksualiteit, aborsie op aanvraag (moord) en ander sedelike afwykings van die Woord word gewettig.

Die mens wat waarheid 'skep' (deur interaksie met die Woord), maak homself gelyk aan God wat alleen die waarheid openbaar. Dit is afgodery. Die 'waarheid-skepper' vereensaam. Hy mis, soos elke afgod, egte gemeenskap. Die gemeenskap van die ware gelowiges word ingeruil vir die uiterste individualisme: Elkeen het sy eie 'waarheid'. Hoe kan iemand die naaste wat "n ander waarheid glo', troos, bemoedig, vermaan, in christelike liefde bystaan?

Waar lê die punt van die helling wat die mense stadig maar sekerlik na die afgrond van helse eensaamheid laat afgly? Waar begin hierdie afval? Dit begin met die twyfel of Gods Woord wel die waarheid *is*. Dié twyfel kan alleen in geloof en deur gebed weerstaan word.

Die Here Jesus bid in die nag waarin Hy verraai word, vir almal wat deur die Woord in Hom sal glo (Johannes 17:20). Hy bid om die eenheid, die gemeenskap van alle gelowiges. In dié eeue- en wêreld-omvattende gebed vir sy kerk bely Hy: 'U Woord is die waarheid' (vers 17). Die Woord *word* nie waarheid nie. Dit *is* die waarheid. Laat ons die belydenis wat ons Meester in ons hart en op ons lippe lê, onwankelbaar vashou. Tot eer van Hom van wie ons dit geleer het, en tot behoud van onsself en die nageslagte wat die Here aan ons toevertrou het.

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

1 **Redaksioneel** *U Woord is die waarheid*
2 **Skrifoordenking** *Reik uit met die Woord - dit is die Here se opdrag* Ds DJ de Kock
3 **Op die Kerkerf** *Hemelburgers word paraat* Dr JG Meijer
5 **Boekbespreking** *Die onverdraagsaamheid van die verdraagsame* Dr J Hoek
6 **Aktueel** *Christelike skole sonder roede?* Dr JG Meijer
8 **Mediese etiek** *Geneeskunde en die eerste gebod (3)* Dr JM Boon
9 **Kommentaar van lesers** *Oor die praktyk van ratifikasie*
10 **Persskou**
• *Menseslagting in Indonesië*
• *Nie-bloedige slagting* Ds GJ Meijer
12 **Gebed van Calvyn**

Ds DJ de Kock
Pietersburg-Suid

SKRIFOORDENKING

# Reik uit met die Woord - dit is die Here se opdrag

*Jesaja 54:2*

**'Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in.'**

*Matteus 28:19*

**'Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.'**

Die Here se opdrag aan sy volk Israel is: *'Maak die plek van jou tent wyd en laat die doeke van jou tentwonings oopspan ... Want jy sal regs en links uitbreek ...* (vergelyk vers 3). Jesus Christus gee die opdrag aan die apostels: *'Gaan dan heen, maak dissipels ,...'*

In die Ou sowel as in die Nuwe Testament gee die Here 'n duidelike opdrag tot uitbreiding aan sy volk.

Daar is egter twee vereistes vir uitbreiding.

## Maak ruimte

Die plek vir die tent moet groter gemaak word. Jy moet die basis van die Woord, die rots, die fondament Jesus Christus waarop die kerk staan, groter maak. Met ander woorde: Jesus Christus moet groter word in ons lewens. Ons moet al hoe meer ruimte aan Christus in ons lewens gee. Die beginsels van die Woord moet duideliker in ons lewens gestalte kry en ons gehoorsaamheid aan Hom moet steeds toeneem! Johannes die Doper het gesê: Hy moet meer word en ekself minder.

Maar ook die tentdoeke moet oopgespan word. Jesus Christus moet al hoe meer sigbaar word. In jou optrede moet mense die liefde, gehoorsaamheid, getrouheid en barmhartigheid van Jesus ervaar. Ons moet ruimte maak met ons vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid en selfbeheersing. Mense moet saam met ons die vrede in Christus ervaar.

Die groot vraag is: Hoeveel ruimte het ons? Hoeveel plek is daar vir iemand anders in ons lewe? Vir diegene wat ly? En dié wat treur? Wat van dié wat in nood verkeer? Die eensames en siekes? Hulle wat nie die verlossingsweg ken nie? Het u ruimte in u lewe vir mense wat nog nie die water van die lewe geproe het of uit die fontein van die lewende water kon drink nie? Het u ruimte vir hierdie mense wat die Here op u pad plaas?

As die kerk nie bereid is om meer ruimte te maak nie, is daar fout! As die kerk eng en bekrompe geraak het, is die kerk selfsugtig. As daar nie ruimte is vir mense van buite die kerk nie, kan die kerk nie groei nie. En as die kerk sy groeikrag verloor, sit ons met 'n dooie kerk!

In ons Gereformeerde kerkverband verdwyn daar jaarliks tussen 900 en 1000 lidmate. Ons brei nie meer uit nie! Ons getalle krimp. Ons kerkverband is 'n sterwende kerkverband! Waarom gebeur dit? Is dit nie weens 'n gebrek aan ruimte nie? Ons maak nie plek vir mense van buite nie. Ons maak nie die plek waar ons tent staan, groter nie en ons maak nie ons tentdoeke breër nie!

Wat staan ons dan te doen? Hoe kan ons in die Here groei sodat daar meer ruimte by ons kan wees? Dit gaan hier nie oor die blote werfkrag van die kerk soos in die advertensiewese nie. Die kerk kan net groei as daar werklik lewe binne die kerk is. As die Heilige Gees kragtig in mense se lewens werk. As ons lidmate in Christus groei en die vrug van die Gees begin dra.

As ons egter terwyl ons onsself Christene noem, steeds ons sondige natuur toelaat om die oorhand te behou, kan ons nie groeikrag kry nie. Dan sal ons nie eers naby die volgende opdrag van die Here kom nie, naamlik

## Gaan haal dié wat aan God behoort

Hoe sal 'n sterwende liggaam kan uitgaan om te werk? As die kerk siek is, kan die kerk mos nie uitgaan om te gaan werk nie! Dan kwyn die belangstelling in sending en evangelisasie uit die aard van die saak! Hoe kan die kerk uitgaan en ander mense gaan leer om alles wat die Here beveel het, te onderhou as ons dit nie eers self kan onderhou nie?

Ons moet ernstig na onsself kyk. Wat beteken die Woord en sakramente vir ons? Dit help nie dat ons onsself verlustig in die rykdommme van God se Woord, maar dan bedroef ons die Heilige Gees deur nie uit te gaan en te gaan haal nie.

Dalk is ons Gereformeerde Kerke soos mense wat lui geword het omdat hulle hulleself ooreet! Ons eet ons vol aan die Woord. Ons verlustig ons in die voeding by die nagmaal, maar nou gaan lê ons! Ons is te vet gevoer om te werk!

Ons raak eng en lui. Ons sluimer en slaap in selftevredenheid!

Die dringende vraag aan elkeen van ons is: Wat gaan u maak met die Woord wat u opgeskerp het om ruimte te maak? Waar gaan u werk om mense te leer om die bevele van ons Here Jesus uit te voer? Hoe gaan ons elkeen opstaan en diensbaar word?

Daar is soveel werk om te doen. Die oes is groot, maar die arbeiders min. Gaan u eers sit en kyk wat die ander doen of is u bereid om in te spring en te help?

Mondstuk van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 70 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

# TOERUSTING VIR DIENS IN DIE KONINKRYK (6)

# HEMELBURGERS WORD PARAAT

Dr JG Meijer, Pretoria

**'Ons burgerskap is in die hemele'.[1] Die hemel is ons moederstad. Die Koning plaas sy burgers in die wêreld, die kolonie. Hy oorlaai sy onderdane in die vreemde met gawes. Hulle ontvang die nodige toerusting en lewensonderhoud vanuit die moederstad. Hemelse leërmagte beveilig hulle. Die koloniste kry ook 'n wel omskrewe opdrag: Tree as hemelburgers op. Leef die wette van Bo uit en dra dit in die kolonie uit; 'verchristelik' die vreemde omgewing waarin julle bly.[2] Die vraag ontstaan: Hoe rus die Here sy volk toe? Hoe word ons paraat vir ons taak in die kolonie?**

Ons hemelse Koning maak van *middele* gebruik om sy onderdane vir hulle werksaamhede in die wêreld toe te rus. Hy begin daarmee in die kerk, die sentrum van sy ryk op aarde.[3] Hy roep sy predikers om sy koninklike opdragte te verkondig. Hulle moet aan sy volk die grondwet van die Here se koninkryk (die tien gebooie) en al die norme wat Hy in sy Woord gee, voorhou. So wil die Koning vanuit die hemel sy onderdane stimuleer tot en voorberei vir hulle ryksdiens in die kolonie.

Koloniste het koninkryk-prediking nodig as brood. Suiwer verkondiging van die rykswette leer hulle om as hemelburgers te dink, te praat, te doen. Hulle ontvang leiding in die ontwikkeling van 'n lewenstyl wat haaks staan op die bestaan van die ongelowiges in die kolonie.

Die liefde vir ons Koning dring ons voortdurend tot selfbeproewing. Funksioneer sy kerk waarlik en genoegsaam as die sentrum van sy koninkryk? Word die norme vir die hele lewe in die kolonie verkondig? Word ons teologiese studente voldoende vir sulke prediking opgelei? Wat doen kuratore, professore, predikante (individueel en saam), ouderlinge (wat geroep is om toesig te hou oor die prediking) en lidmate ter bevordering van koninkryk-prediking?[4]

Die prediking ontvou die norme vir ons lewe in die wêreld. Om volledig paraat te word vir ons werk in die kolonie moet daar egter meer gebeur. Die verkondigde norme moet 'verwerk' word. Dit geskied in die verdere toerusting vir die werk in die kolonie. Hierby skakel die Here al sy onderdane in. Hy maak hulle aktief in die uitoefening van hulle profetiese, priesterlike en koninklike amp.

## In die binnekamer

Dominees moet die Woord van die koninkryk verkondig. Lidmate moet luister. Goed luister is 'n inspannende werk. Die Here spreek ware predikers en luisteraars salig. 'Salig is hy wat die woorde van die profesie lees (voorlees, predik), en dié wat dit hoor', so aandagtig hoor dat hulle 'bewaar wat daarin geskrywe is.'[5] Die regverdige word gekenmerk deur sy behae in die wet van die HERE. Hy oordink sy wet dag en nag.'[6]

Luister na die preek eindig nie met die afsluiting van 'n erediens nie. Die hoor van die Woord word in die daaglikse oordink daarvan voortgesit. Die regverdige oordink, ja *oordink* die wet van God.

Hierdie oordink begin met persoonlike *lees* van die Woord. Dit gebeur biddend en aandagtig, in afsondering, in die binnekamer. Dan volg die *nadink* oor die gelese tekste. Een of enkele verklarings wat die Woord suiwer vertolk, word geraadpleeg om onduidelikhede op te klaar. Die bidder en werker in die binnekamer gaan die Here en sy Woord al hoe dieper en wyer verstaan. Die preke van Sondag word deur die week getoets aan die Skrif[7] en eie gemaak.

Oordink van die Here se wet gaan met worsteling, met *stryd* gepaard. Een van die vyande wat hemelburgers bestry, kom saam in sy en haar binnekamer. Dit is die teenstander binne die poort, ons eie sondige wil. Hierdie eie wil is 'n fel en 'n hardnekkige vyand. Die vyand handhaaf daardie wil. Hy verdraai die Woord só dat dit met sy sondige wil ooreenkom. Die effek? Die Here se onderdane verwerp sy rykswette. Hulle pas by die sondige lewenstyl en by afwyking van die Woord in die kolonie aan. Hulle verloën hulle hemelburgerskap.

Hemelburgers, onthou: God se wil en ons sondige wil harmonieer nie. In die bede 'laat u wil geskied' vra ons: 'Gee dat ons ... ons eie (sondige) wil prysgee om aan u wil wat alleen goed is, sonder enige teëpratery gehoorsaam te wees'.[8] Sonder enige teëpratery: Gee, Here, dat ons nie enige kompromie met die goddelose lewenstyl en met afwyking van u rykswet in die kolonie aangaan nie. Laat ons ou mens afsterwe. Gee ons krag van Bo om ons sondige wil prys te gee, te veroordeel, daarteen in u krag te stry en die sondige wil hoe langer hoe meer dood te maak en te begrawe.[9]

As net ons sondige hart in ons binnekamer saamgaan, sou ons verlore wees, mense wat nooit paraat word om die roeping van hemelburgers in die kolonie op te volg nie. Nee, Hy wat meer is as ons sondige hart, kom saam in ons binnekamer. Gelowiges wat die Woord biddend oordink, ondervind die vervulling van die Here se belofte: 'Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My (in die kolonie) 'n volk wees'.[10] Die Gees gee liefde vir die Here en sy wet. Hy skenk ons krag om ons eie sondige wil steeds sterker te weerstaan en te oorwin. En Hy laat ons in oorgawe, met prysgee van ons sondige wil, bid: 'Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer (in die kolonie) aan U onderwerp.'[11]

---

1 Fil 3:20.

2 Sien die artikel 'Hemelburgers' in *Waarheid en dwaling* 6(8), Augustus 2000:5-6.

3 Sien die artikel 'Hemelburgers se toerusting in die ryksentrum' in *Waarheid en dwaling* 6(9), September 2000:3-4.

4 Sien die koninkryk-prediking van Christus onder meer in Matt 4:23; 9:35, sy prediking in gelykenisse (onder meer Matt 13) en die opdrag om die koninkryk te verkondig in Matt 16:19; vgl. HK, antw. 84.

5 Op 1:3.

6 Ps 1:2.

7 1 Tess 5:20-21.

8 HK, antw. 124.

9 HK, antw. 43.

10 Jer 31:33; Heb 8:10.

11 HK, antw. 123.

Die oordink van die rykswet in die binnekamer bly nie daar nie. Die hart wat vol van God se dade en wette geword het, laat die mond oorloop. Die resultate van die Skrifondersoek kom na buite toe en kring steeds verder uit.

## Huisgodsdiens

Die insig in die Woord wat christelike ouers uit die preke en in hulle persoonlike Skrifstudie verwerf het, kring eerstens uit in hulle gesinne. In die huisgodsdiens word hierdie Skrifwoord vervul: 'Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het. Hy tog het 'n getuienis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het - om dit aan hulle kinders bekend te maak, sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle vertroue op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy gebooie kan bewaar'.[12]

Ouers wat die dade en die rykswette van die Here aan die jonger geslag deurgee, kom die belofte by die doop van elkeen van hulle kinders na. Hierdie belofte: Ons sal hierdie kind in die leer van die Skrif na ons vermoë onderrig.

Hoe doen hulle dit? Eerstens deur die *voorlees* uit die Skrif. Om die konsentrasie-vlak te verhoog kan elke kind wat leesvaardig is, uit sy of haar eie Bybel saamlees. Ons lees met *eerbied* vir Hom wat in sy Woord met ons praat, en met *aandag* omdat God self met ons praat.

Dan volg daar gesprek oor die dade van die Here en sy rykswette wat Hy aan ons voorhou. Ouers se *respek* vir die Here se groot dade en *liefde* vir Hom wat ons verlos, blyk uit die manier waarop hulle die Skrif lees, daaroor vertel en vrae van hulle kinders beantwoord. In hulle voorligting oor die rykdsdiens straal liefde vir die rykswette uit. Die wette van die Here dwing ons nie in 'n knellende keurslyf nie. Sy gebooie vorm *die wet van die vryheid*. Buite die goeie wet van God bestaan daar net slawe, slawe van die sonde.

Kinders leer ten slotte om in die praktyk *jong koloniste* te wees te midde van 'n krom en verdraaide geslag. Hulle leer in die gesin om uit liefde vir die Here en sy Woord nie toe te gee aan groep-druk wat teen God se gebooie gerig is nie. Die christelike seun en dogter word gewapen teen dwelm-gebruik en allerhande losbandigheid waartoe hulle in die wêreld verlei word. Ware en blywende blydskap word net in die ryksdiens van die Here gevind. 'Die lig is vir die regverdiges gesaai en vrolikheid vir die opregtes van hart.'[13]

Nakom van die doopbelofte waarborg nie dat nie een van ons kinders sal afdwaal nie. Nie ons nie, maar alleen die bloed van Christus en sy Heilige Gees reinig van alle sonde. Nie-nakom van die doopbelofte egter maak die jeug weerloos in die wêreld. Die Here wil ons jongmense deur ons onderrig tot Hom trek en tot oortuigde koloniste laat ontwikkel. Hy maak hulle deur huisgodsdiens paraat vir ryksdiens in die kolonie. 'In heilige feesgewade, uit die moederskoot van die dageraad sal vir U wees die dou van u jong manskappe.'[14] Onderrig in die rykswette word vergesel deur ons voorbede dat 'ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis'.[15] Ons hemelse Koning hoor en verhoor hierdie gebed. Hy is tog ons liefderike Vader?!

## Saam met al die heiliges

Die ondersoek van die Skrif waartoe die prediking stimuleer en wat eers in die binnekamer en vervolgens in ons gesinne plaasvind, kring verder uit in die hele kerk. Een persoon en 'n enkel gesin kan nie die omvangryke inhoud van die Skrif in diepte verstaan nie. Die Koning span sy hele volk in om mekaar in die studie oor sy ryksdiens by te staan.

Die Here roep ons in sy Woord om te bid en in aansluiting daarby te ywer dat ons 'in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat' ons 'vervul kan word tot al die volheid van God'.[16]

Skrifstudie - saam met al die heiliges. Saam kry ons dieper insig in die Woord as een alleen in afsondering. Alle lidmate van die kerk ondersoek die Skrif en kom in aksie. 'Die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate', bevorder die groei van die liggaam, die kerk, 'vir sy eie opbouing in liefde'.[17]

Saam met al die heiliges - Gesamentlike Skrifondersoek laat die kerk groei in krag en maak paraat vir die ryksdiens in die wêreld.

Saam met al die heiliges - Hoe kom ons tot gesamentlike Skrifondersoek? Ons stig Bybelstudie-verenigings of -groepe. Ons werk volgens 'n rooster wat datums van byeenkomste, onderwerpe, hoofstukke uit die Skrif vermeld. Elkeen bestudeer selfstandig die hoofstuk of onderwerp wat bespreek gaan word. Die insig wat elkeen verwerf het, word aan die broeders en susters tydens die byeenkoms oorgedra. Ons toets eie en ander se insigte aan die Woord en stel vas wat die Here van sy hemelburgers in die kolonie verwag. So leer ons eensgesind die rykswette verstaan.

Indien daar verskeie studiegroepe in 'n gemeente werksaam is, word aanbeveel dat hulle die verworwe insigte met mekaar deel. Hulle kan dit doen deur oor belangrike vraagstukke saam te vergader of deur hulle insigte skriftelik aan mekaar voor te lê, byvoorbeeld in die plaaslike kerkblad. So word moontlike uiteen-groei vermy en eensgesindheid in die voorbereiding van die ryksdiens in die kolonie bevorder.

Saam met al die heiliges - Die Here roep ook die jeug om saam sy Woord te bestudeer. Die kinders in die kerk kom in jeugverenigings byeen om saam die Woord te ondersoek. Die jonger jeug doen dit onder die bekwame leiding van ouer lidmate. Die jongmense begin op die ouderdom van omstreeks sestien jaar die Jeugvereniging bywoon. Die doel? Mekaar toerus vir die ryksdiens. Elkeen wend sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan.[18]

## Optimale toerusting

Het ons in die gejaagde 21ste eeu voldoende tyd vir persoonlike en gesamentlike Skrifstudie in gesin- en vereniging-verband? Wie dink dat die tyd daarvoor ontbreek, moet opnuut die prioriteite in die lewe onder oë neem. Die Heiland sê: 'Soek

[12] Ps 78:3-7.
[13] Ps 97:11.
[14] Ps 110:3.
[15] Ps 144:12.
[16] Ef 3:18-19.
[17] Ef 4:16.
[18] HK, antw. 55.

eers die koninkryk van God en sy geregtigheid'.[19] 'Soek' beteken: Jy moet jou inspan om die geregtigheid van die koninkryk te verstaan. Soek daardie geregtigheid. Dit kom nie vanself nie. Programmeer die dagtaak só dat daar geleentheid is om jou optimaal vir die ryksdiens toe te rus.

Vir optimale toerusting het ons ook goeie *toerusting-materiaal* nodig. Benewens die verkondiging van die Woord het ons dringend behoefte aan leidrade, sketse wat die insig in die Skrif verdiep.

Wie behoort die beplanning en voorsiening van skriftuurlike voorstudie-materiaal te behartig? Die Jeug- en die ander Skrifstudie-verenigings. Hulle kom saam in een of meer nasionale vergaderings en verkies geskikte broeders en susters om leiding aan die Skrifondersoek te gee. Hierdie bestuurders beplan die Bybelstudie. Hulle rig versoeke aan teoloë en ander kundiges wat bekwaam geag word om sketse te skryf. Hulle keur die sketse, laat druk dit en stel dit aan die verenigings beskikbaar. Tot volle toerusting van al die heiliges vir hulle ryksdiens in die kolonie.

Optimale toerusting vir die ryksdiens verg 'n enorme inspanning. Dit begin met die prediking van die koninkryk in die eredienste. In aansluiting daarby volg insette in die amp van gelowige: Skrifstudie in die binnekamer. Dié besinning kring uit in gesin-en vereniging-verband. Met die oog op optimale toerusting word die nodige studie-materiaal op nasionale vlak beskikbaar gestel.

Die hele toerusting vind binne die gemeenskap van die heiliges plaas, amptelik deur die verkondiging van die evangelie, in die amp van gelowige deur self- en gesamentlike ondersoek van die rykswette. Ouderlinge hou net toesig oor die werk van die predikant(e) en oor die werksaamhede in die amp van gelowige. Hulle stimuleer die lidmate, sonder om in hulle werksaamhede in te meng.

## Wandel *coram Deo*

Die bogenoemde skriftuurlike toerusting maak die koloniste paraat om allerlei aktiwiteite in die kolonie te verrig. Die regverdige wat God se wet dag en nag oordink, gaan die Woord in die alledaagse lewe toepas, in die krag van die Gees. Hy is 'soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit'.[20]

Die parate hemelburger aanvaar dieselfde verbond-opdrag as sy vader Abraham[21] wat in die kolonie van sy dae ook te midde van afgode-dienaars geleef het. Hy wandel voor God se aangesig,[22] *coram Deo*. Hy hou met Moses vol 'soos een wat die Onsienlike sien'.[23] God se rykswet bly - ten spyte van telkens in sonde val - die rigsnoer vir die lewe in die kolonie.

By die koms van die Here op die jongste dag sal die saamwees in die kolonie net soos in die dae van Noag wees. Almal eet en drink, trou en word in die huwelik uitgegee. In die werksaamhede as sodanig kom nie enige verskil van beginsel na vore nie. As die Koning kom, 'sal daar twee op die land wees'. Hulle doen dieselfde werk. 'Twee vroue sal by die meul maal'. Hulle doen dieselfde werk. Christus se oordeel oor die twee landarbeiders en die twee vroue wat meel maal, openbaar die diep afgrond wat hulle van mekaar skei: 'Die een word aangeneem en die ander verlaat.'[24]

Waarom word die een aangeneem en die ander verlaat? Die een het geluister na die prediking van Noag en die ander profete. Die werk was ryksdiens, wandel voor die aangesig van God, *coram Deo*. Die ander het nie na die profetiese Woord geluister nie, die Koning se rykswet verontagsaam, sonder God gewandel. Die ander is die dwaas wat in sy hart sê: 'Daar is geen God nie.'[25]

Twee doen dieselfde werk. Die werk as sodanig openbaar nie enige beginsel-verskil nie. Die Here roep in sy ryksdiens ook tot ander werke. In hierdie werke kom teenoor mekaar staande beginsels duidelik na vore. Hoe om vir dié werke paraat te word is 'n vraag wat DV volgende maand ter sprake kom.

[19] Matt 6:33.
[20] Ps 1:2-3.
[21] Sien Rom 4.
[22] Gen 17:1.
[23] Heb 11:27.
[24] Matt 24:37-41.
[25] Ps 14:1.

BOEKBESPREKING

# DIE ONVERDRAAGSAAMHEID VAN DIE VERDRAAGSAME

**Resensie deur dr. J. Hoek van die boek *Op ooghoogte. Portret van een postmodern geloof* deur Herman Wiersinga, uitgegee deur Meinema, Zoetermeer. Vertaal uit Nederlands Dagblad, 8-9-2000, deur ds ALA Buys.**

**Die 73 jarige teoloog Herman Wiersinga het hom nog altyd beywer om aktueel te wees. Met sy nuutste boek poog hy om 'die' post-modernisme te verstaan en om hierdie filosofiese benaderingswyse te verbind met sy opvatting van die christelike geloof. Die resultaat is 'n radikaal vrysinnige geloofsleer, oor die algemeen nie baie verskillend van sy publikasie in 1992 *Geloven bij daglicht* nie.**

Die nuwe boek bestaan uit drie dele: 'n beskrywing van die post-moderne verskynsel, daarna 'n beskouing oor die verhouding tussen post-moderniteit en christelike geloof en ten slotte 'n skets van ''n post-moderne geloof'.
Ek vind hierdie drie dele in afnemende mate interessant. Aan die eerste deel het die leser die meeste waarde, veral omdat hy beter insig kry in die post-moderne verskynsel soos dit voorkom in 'n verskeidenheid rigtings soos literatuur, teater en argitektuur en ook veral in die filosofie (byvoorbeeld by die franse filosoof Lyotard wat stel dat alle kennis fragmentaries is. Daar is hoogstens 'n klomp waarheidseilandjies sonder enige betroubare verbindings daartussen).

Die pretensies en die dwanggerigtheid van die groot verhale, insluitend die groot verhaal van die christelike ortodoksie, word afgewys. Wiersinga waardeer hierdie post-moderne relativering in beginsel positief. Die grootste pluspunt van 'n post-moderne kultuur vind hy in die eenvoudige maar vir hom raak tipering van Herman Heering: 'Die post-modernisme maak ons meer beskeie'.

Die verwerking van die post-modernisme op die terrein van die religie en teologie beteken vir Wiersinga dat beeldende taal gebruik moet word en dat daar uitgegaan moet word van 'n relasionele waarheid. Hy het 'n sterk argument in sy pleidooi vir meer sensitiwiteit vir beelde, en die poëtiese spreektaal in die Bybel. Tereg is daar toenemende aandag vir metaforiese spraak in Skrif en geloofsleer.

In 'n groot mate kan ek met die volgende saamstem: 'Die poëtiese taal van beelde en drome is by uitstek die taal vir die omgang met ander (of met die ander) wat of wie ons God noem. Daar pas die taal van onbeholpenheid en vindingrykheid, die taal van verbystering en verrassing. Die taal van geloof is geen ander taal as die taal van die liefde nie'.

Tog kan dit nie beteken dat die prosa in die geloofstaal poëties verstaan sou moet word nie. Dit gaan baie meer daaroor om reg te laat geskied aan die verskillende genres in die bybelse spreke self. Die geloofsleer het al dikwels alles oor die een kam van die prosa probeer skeer.

Maar Wiersinga blyk veral in deel 3 van die boek in die ander uiterste te verval: Die verlossingsfeite wat in die Skrif duidelik geteken word as dade van God in die geskiedenis, in ruimte en tyd, word by hom verskraal tot sinnebeelde en digterlike verwysings.

Wie die Bybel self die grense van die metaforiese laat bepaal, sal nooit praat van byvoorbeeld 'die nogal bisarre voorstelling van die maagdelike geboorte van Jesus' nie, maar sal eerbiedig ondersoek instel na die daarmee gepaard gaande geheimenis. Dan bly daar aan die einde baie meer oor van 'n konkrete toekomsverwagting, veral die verwagting van die komende Christus.

Dis aangrypend om te lees: 'Oor die realiteit van hel, oordeel en komende opstanding weet ek niks: My nie-weet bevat, naas die bestaan van God, ook die bestaan van moontlike eskatologiese werklikhede'. Hoe het hierdie teologie van Wiersinga tog diep in die mis van onwetendheid verstrengeld geraak. Hoe het dit gebeur? Waardeur is hierdie skrywer, wat van huis uit gereformeerd was, so ver van sy geestelike wortels vervreem?

Die diepste kloof tussen Wiersinga en die gereformeerde teologie is te vind in sy volstrekte afwysing van die geopenbaarde waarheid. Daar is vir hom alleen maar relasionele waarheid, waar die objektiewe teks en die subjektiewe leser wedersyds op mekaar inspeel, op mekaar aangewese is en van mekaar afhanklik is.

Volgens my oortuiging het Wiersinga die kat aan die stert beet as hy beweer dat eksklusiewe waarheid (sogenaamd 'biaio-geen'), geweldwekkend sou wees. Hy verloor alle nuansering uit die oog as hy die wering van vroue uit die kerklike ampte of van homoseksuele onderwysers uit die konfessionele skole in dieselfde asem noem as die aanstigting tot brandstigting of grafskending deur ekstreme organisasies. Hier blyk Wiersinga, wat post-modern wil wees, tog weer onsettend 'modern' in die verabsolutering van sy eie subjektiewe waarhede. Ek vind dit op my beurt weer 'gewelddadig' om mense wat vanuit hulle verstaan van die Skrifte opregte besware het teen 'die vrou in die amp', of teen homoseksuele praktyke, saam te noem met radikale gewelddadiges wat menseregte aan flarde skeur. Wiersinga lewer weliswaar 'n pleidooi vir 'n 'inklusiewe waarheid', wat verdraagsaamheid bewerkstellig, maar hy gee terselfdertyd blyke daarvan dat hy self nie oor sodanige verdraagsaamheid beskik nie. Helaas staan hy met dié siening nie alleen nie: Die onverdraagsaamheid van die verdraagsames ('intoleransie van die tolerantes') is maar al te wyd verspreid. Mens sou iets beters verwag van iemand wat juis in die post-modernisme die beskeidenheid so bewonder.

---

AKTUEEL

# CHRISTELIKE SKOLE SONDER ROEDE?

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**Artikel 10 van die Skolewet verbied lyfstraf. Christian Education South Africa (Cesa) oordeel: Dit is ongrondwetlik. Cesa rig 'n versoek aan die konstitusionele hof om dit uit te spreek.**

**Die hof beslis: Die verbod in artikel 10 van die Skolewet plaas wel 'n beperking op die regte van ouers aan bepaalde christelike skole wat lyfstraf voorstaan. Nietemin strook die verbod met die grondwet.**

## Die minister se stok agter die deur

Die beslissing van die konstitusionele hof om die verbod van lyfstraf grondwetlik te verklaar het 'n nasleep. Die minister van onderwys en sy departement besluit om 'hardhandig' op te tree. 'Asmal waarsku latswaaiers'. Die dagblad *Beeld* van 12 September 2000 (bladsy 4) laat dit in vet gedrukte letters bo vyf kolomme weet. Ermin Erasmus, die skrywer van die koerant-artikel, deel die volgende mee:

'Die onderwysdepartement sal op nasionale vlak so sterk moontlik optree teen onderwysers wat leerlinge slaan deur gevalle van lyfstraf na die Nasionale Vervolgingsgesag te verwys.

Hy beplan verder om die nasionale direkteur van openbare

vervolging te nader in 'n poging om te verseker dat lyfstrafsake die nodige prioriteit geniet, het mnr Kader Asmal, minister van onderwys, gesê ...

Volgens Asmal is skoolhoofde uiteindelik daarvoor verantwoordelik om te verseker dat lyfstraf nie plaasvind nie.' Toelaat van lyfstraf 'sal neerkom op 'n verbreking van hul kontrak met hul werkgewer as hulle van die voortsetting daarvan weet en niks daaromtrent doen nie.'

Die mededeling van Ermin Erasmus verskyn onder die opskrif: 'Onderwysers wat slaan, gaan in die hof vervolg word'. Met die minister en sy departement se uitsprake kom die proses om die roede uit die skool weg te doen in die derde stadium. Om kortliks op te som:

1. Die Skolewet verbied lyfstraf.
2. Die konstitusionele hof bekragtig hierdie verbod.
3. Die minister van onderwys dreig met strafregtelike vervolging van onderwysers wat die wet oortree en van skoolhoofde wat dié oortreding toelaat.

Die minister wat die stok uit die skool wil verwyder, sit die stok agter die deur. Hy dreig: Wie oortree, word harder geslaan as enige kind in 'n klaskamer. As die ministeriële stok voor die deur kom, slaan hy met strafregtelike vervolging.

## Die wet verbied wat God gebied

Die konstitusionele hof plaas in sy motivering van sy beslissing 'n beperking op *ouers* se regte. *God* se reg bly egter buite beskouing. Mag christelike skole die verbod van die roede opvolg? Laat die Here dit toe?

Kom ons luister kortliks na die 'roedewysheid' waarin onse God ons onderrig. Hy gee vir ons in die Skrif die Spreuke, sy goddelike, bo alle menslike geskrifte uitstaande opvoeding- en onderwysboek.

Die Here gebied ons om in die huis en in die verlengstuk daarvan in die skool die roede te gebruik. 'Wie sy roede terughou, haat sy seun; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging' (13:24; vgl. 23:13).

Die roede moet met wysheid en insig gebruik word, nie na elke oortreding nie. Om die kop af te koel is dit partykeer noodsaaklik om die agterste dele van die kind te verwarm. 'As die sotheid vassit in die hart van die seun, die tugroede sal dit daaruit verwyder' (22:15). Vir 'n kind wat luister, is 'n kyk met die oog, 'n enkele vermanende woord voldoende. 'Op die lippe van die verstandige word wysheid gevind, maar die roede is vir die rug van die verstandelose' (10:13): Die kind wat nie wil hoor nie, moet voel.

Welke vrug groei uit wyse bestraffing met die stok? 'Die roede en die bestraffing gee wysheid' (29:15). 'Tugtig jou seun, dan sal hy jou rus gee en aan jou siel vreugde verskaf' (29:17). Dit maak seer om jou kind of leerling te slaan. Onthou - dit gebeur met die oog op sy ewige behoud. 'Jy sal hom wel met die roede slaan, maar sy lewe van die doderyk red' (23:14).

Wat is die gevolg van die verwydering van die stok uit die huis en uit die klaskamer? Die kind wat nie wil hoor nie, voel nie sleg oor sy of haar misdrywe nie. So 'n kind gaan van kwaad tot erger voort. Dit loop uit op anargisme: dwelm-misbruik, steel, roof, verkragting, moord, alleen en saam in bendes. 'n Seun wat nie - indien nodig - deur roede en bestraffing wys gemaak word nie, en wat gevolglik 'aan homself oorgelaat word, steek sy moeder in die skande' (29:15).

Die roede *uit* die skool bevorder anargisme *in* die strate.

Die bostaande is genoeg om vir die wetgewer, die konstitusionele hof en die minister te verduidelik: Wat u *verbied*, word deur God *gebied*. U eis dat ons teen die uitdruklike wil van die Here handel. U tas nie slegs ouerregte aan nie, maar ook die reg van God en daarmee ons (godsdiens)vryheid om Hom na sy gebod te dien.

Ons eerbiedig u in u amp wat u van God ontvang het (Romeine 13:1-7). Uit agting vir dié amp reageer ons op u dreigemente. Van ons kant sluit ons alle misverstand uit in ons openlike getuienis aan u: 'Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense' (Handelinge 5:29). Daarom mag ons nie u gebod om die roede uit die skool te verwyder, uitvoer nie.

## Passiewe verset

Na die beslissing van die konstitusionele hof en die bedreiging deur die minister en sy onderhoriges sal die verbod van die roede in die skool ten minste voorlopig in die Skolewet bly staan. Hoe om uit gehoorsaamheid aan die Here en in eerbiediging van die amp van owerhede dié verbod te 'oortree'?

> *Laat die ouers 'n belofte onderteken om nie na lyfstraf die onderwyser by die owerhede aan te kla nie.*

Skoolbesture, neem 'n besluit dat in die onderwys nie van die Woord afgewyk mag word nie. Die roede word derhalwe nie uit die klaskamers verwyder nie. Uiteraard mag die stok nie misbruik word nie. Nie die onderwyser se kop nie, maar die hardnekkige kind s'n moet afgekoel word. Die Here beveel in die Spreukeboek om die stok te gebruik. Hy verbied ook die *misbruik* daarvan met die woorde: 'Tugtig jou seun, want daar is hoop; maar laat dit nie in jou opkom om hom dood te maak nie' (19:18).

Laat die ouers 'n belofte onderteken om nie na enige lyfstraf die onderwyser by die owerhede aan te kla nie. Die stok sal wel soms verkeerd gebruik word. Onderwysers en ouers is en bly mense wat net soos enigiemand elke dag teen hulle sondige natuur moet stry. Christene los - indien die stok misbruik word - die saak onderling op, volgens God se voorskrif in 1 Korintiërs 6 aan gelowiges wat 'n geskil het.

Passiewe verset teen die onderwys-wet, die uitspraak van die konstitusionele hof en teen die dreigende minister Asmal. Om dié verset te kan volhou is dit noodsaaklik dat alle ouers van die christelike skool saamstaan, standvastig in die geloof en in gehoorsaamheid aan God se Woord.

# GENEESKUNDE EN DIE EERSTE GEBOD (3): DIE OUTONOMIE-BEGINSEL

Dr JM Boon, Pretoria

**God se koninkryk-wette geld vir die gewone lewe en dus ook vir elke mediese praktyk. Ook in die geneeskunde geld dat ons Hom alleen reg sal ken en ander gode vermy en ontvlug. Daar is inderdaad ook ander gode in die mediese wetenskap aanwesig. So het ons in vorige artikels gesien dat die gesondheid en welstand van die liggaam as hoogste waarde en die verafgoding van die natuurwetenskaplike metode God uit sy eie werlikheid uitredeneer.**

In hierdie artikel wil ons aandag gee aan die gedagte wat dikwels in die gesondheidsorg genoem word, naamlik die outonomie-beginsel.

Veral in die postmoderne omgewing vandag sien ons die opkoms van die outonome mens, wat hoër seggenskap opeis as die wil van die Here. Hier word dus in die plek van God se wil die mens se wil geplaas. Dit is afgodediens. Dit is die taak van die christelike mediese etiek om teen hierdie stroom op te roei. In gehoorsaamheid aan die bybelse norme moet antwoorde gevind word op vrae wat ontstaan in die gesondheidsorg. Ook waar christene 'n klein minderheid in die gesondheidsorg word, moet gedink word hoe daar steeds christelik binne hierdie omgewing gewerk kan word.

Hierin gee die wet van die Here vir ons duidelike riglyne.

## Iets oor die sogenaamde postmoderne tyd

Ons hoor dikwels van hierdie tipering van ons tyd. Maar wat behels die postmoderne tyd? Dit wat hier volg, is 'n breë omskrywing van sekere hooflyne van die postmoderne tyd. So 'n tipering van 'n tyd is gewoonlik beperk en mens veralgemeen gou. Nogtans is dit nuttig om die hooflyne te sien.

Die postmoderne tyd word vandag breedweg gesien as die tydperk wat volg na die moderne tyd en veral na die val van die muur in Berlyn en die omwentelings in die oosbloklande in die jare 1988 en 1989. Die moderne tydperk word veral gekenmerk deur die loslaat van die band met die Here, maar wel met klem op die band met die medemens. Ons sien dit opkom na die tweede wêreldoorlog, waar die ontnugterde Europeaan die band met die Here afsny. Die gebeure van die tweede wêreldoorlog maak volgens baie mense nie die bestaan van God moontlik nie. Ons sien egter 'n sterk uitreiking na medemense, ook veral na verontregte mense; menseregte kom sterk na vore en die geluk word gesoek in die opbou van 'n sosiale heilstaat vir almal.

Dit het egter verander, veral teen die einde van die 20ste eeu, met die klem wat meer begin val het op die selfverwesenliking van die mens as individu. In baie gevalle word die band met die medemens ook deurgesny omdat dit die selfverwesenliking kan belemmer. Jy doen wat reg en goed is vir jou. Jy besluit ook oor jou eie dinge. Jy pla ander nie daarmee nie, en hulle pla jou ook nie daarmee nie. Jy het outonoom geword: beide God se wet en die medemens se wet word minder as die eie wet geag. Jy besluit self oor jou gesondheid en die gesondheidspersoneel moet regstaan om aan jou verwagtinge ten opsigte van die gesondheid van jou liggaam te voldoen. So het die deursny van die band met die Here deur die eeue na die Reformasie uiteindelik ook gelei tot die deursny van die band met die medemens. Griffioen, filosoof verbonde aan die Stichting voor Reformatorische Wijsbegeerte in Nederland, tipeer die postmodernisme dan ook as 'n rigting wat nader aan die heidendom is as aan die modernisme.

## Wat is die outonomie-beginsel?

Outonomie word gedefinieer as die persoonlike vryheid waar elke individu sy of haar eie handelinge bepaal. Om respek te hê vir die outonomie van 'n persoon, beteken die volgende: Vir sover 'n outonome persoon se handelinge nie die outonome handelinge van 'n ander bedreig nie, moet die persoon vry wees om te doen soos hy/sy wil - ook as dit 'n risiko vir die persoon inhou of as God se wet anders bepaal.

Die gedagte van die outonomie van die mens kom van die filosoof Kant en nie uit die Skrif nie. Trouens, Kant het maar net die beginsel in sy tyd nuut verwoord, en ons sien vandag dieselfde beginsel ook die geneeskunde binnekom. Kant het die vryheid van die individu as 'n innerlike eienskap van die mens gesien.

Dit wat hierbo gesê word oor die outonomie van 'n mens word dikwels verwar as dat dit dieselfde sou wees as die tweede tafel van die wet: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'. Daar is egter 'n groot verskil, want die liefdegebod vir die naaste word hier vervang met: Doen wat reg is in jou eie oë, solank dit nie die ander verhinder om dit ook te doen nie. Die eerste tafel van die wet word weggegooi. Trouens, God se wil word vervang met jou eie wil. Dit is afgodediens. Die afgod is die mens se eie wil.

Nee, in die tweede wetstafel rig die Here ons aandag op die verandwoordelikheid teenoor die *ander*, en nie op onsself nie. Die verantwoordelikheid teenoor die ander staan hier sentraal.

Uiteraard besef die outonomie-beginsel dat daar met die ander rekening gehou moet word. Waarom? Omdat die ander party, byvoorbeeld die dokter, net soveel reg op eie insig het as die pasiënt self. Die ander party word egter as die opposisie gesien. Die naaste word 'n bedreiging. Die pasiënt se vryheid kan deur die dokter beperk word, of andersom.

As christene redeneer ons egter anders. Die tweede tafel van die wet 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself' is nie die beperking van ons vryheid nie, maar juis die invulling daarvan.

## Outonomie in die geneeskunde

Die mediese etiek het in die postmoderne tyd 'n weg ingeslaan onder die invloed van die humanisme wat haar vervreem van haar oorsprong. Die humanistiese norm word bepaal deur die eie behoeftes van die mens. Die christelike norm word daarenteen bepaal deur die wil van God. Die Skepper van die

mens sal immers weet wat die beste vir sy skepsel is? Die outonomie-gedagte wat die mens soewerein oor sy lewe laat beslis, staan haaks op die christelike geloof.

So dink die meeste mense vandag dat die mens die vryheid moet hê om self die tydstip van dood te bepaal. Die owerheid moet slegs sorg vir 'n sorgvuldige uitvoering daarvan. Maar as christene sê ons dat die dood van 'n medemens 'n publieke saak is en die owerheid die plig het om God se norm 'Jy mag nie doodslaan nie', te handhaaf.

Die outonomie-denke lei tot groot teenstellings in die gesondheidsorg. Ons kan praat van 'n antitese in die gesondheidsorg. Uit ervaring weet ons dat christene dikwels en in toenemende mate kwalik geneem word as hulle sekere handelinge nie uitvoer nie. Dit is vandag 'n groot kwaad om jou eie mening 'op te dring' aan die pasiënt deur nie sekere behandelings te oorweeg nie, byvoorbeeld die voorskryf van die 'morning after pill' wat 'n moontlike vrug kan afdryf, of die inplasing van 'n intra-uteriene apparaat of sogenaamde 'loop' met dieselfde effek. Ook kan gedink word aan die doen van voorgeboortelike ondersoeke gemik op die moontlike afdryf van 'n 'gebreklike lewe'.

Die doen van 'n vrugwaterpunksie word sterk aanbeveel by swanger vroue van 36 jaar en ouer, omdat die kans om 'n kind met Down-sindroom te kry, groter word na 36 jaar. 'n Vrugwaterpunksie kan met 'n groot mate van sekerheid die aanwesigheid van Down se sindroom by die baba aantoon. Die bedoeling van die ondersoek is om 'n aborsie te doen indien die sindroom aanwesig is. Daar word van huisartse verwag om vroue wat vir hierdie punksie in aanmerking kom, te wys op die moontlikheid van aborsie soos deur die wet bepaal. 'n Dokter wat nalaat om dit te doen, kan deur die pasiënt by die mediese raad aangekla word, omdat dit beskou word as iets wat die redelike geneesheer sou doen. Daar is reeds voorbeelde van artse wat in dergelike situasies in byvoorbeeld Nederland deur die mediese owerhede berispe is. Dieselfde geld vir huisartse wat 'n pasiënt wat 'n aborsie weens sosiale redes wil hê, nie na 'n kliniek waar aborsie wel gedoen word, verwys nie.

Die sterk nadruk op die outonomie van die mens lei tot vreemde situasies. Kom ons neem 'n voorbeeld. As die outonomie van 'n mens 'n wesenlike kenmerk van die mens sou wees, dan is die pasiënt wat nie meer outonoom kan dink of praat nie, soos 'n pasiënt in koma, ook nie meer 'n mens nie. Die outonomie-beginsel word dan die teendeel. In plaas van 'n oproep vir respek vir die outonomie van elke mens, word dit nou 'n regverdiging om iemand se lewe te beëindig. Die beginsel hou 'n gevaar vir ernstig siek pasiënte en mense met 'n gebrek in. Dit is die resultaat as die christelike respek en verantwoordelikheid vir elke mens soos deur die tweede tafel van die wet bepaal, ingeruil word vir 'n beroep op die selfbeskikkingsreg van individuele mense.

## Aan God meer gehoorsaam as die mense

Ook Kuitert, bekende Nederlandse liberale teoloog, neem die outomie-beginsel oor as hy praat oor selfbeskikkingsreg. Ander beskik nie oor my lewe nie, maar ekself.

Maar beskik God nie oor my lewe nie? En het ek nie 'n verantwoordelikheid teenoor my eie lewe en die lewe van my naaste nie? God verleen wel aan my regte teenoor my naaste as hulle doen wat verkeerd is in God se oë of dit wil doen. Maar dit is verleende regte en het as basis gehoorsaamheid aan die eerste en tweede tafel van die wet. Daarom mag jy as gelowige dokter en pasiënt behandeling weier wat nie met God se gebod rekening hou nie. En ook die omgekeerde - jy mag ook behandeling voorstel wat God se wet gehoorsaam. Daarom is ons ook in mediese praktyk meer gehoorsaam aan God as die outonome mens wat van sy eie wil sy afgod maak. Outonomie is die teenoorgestelde van die mens se verantwoordelikheid teenoor God. Onder God se wil neem ons besluite oor mediese handelinge. God se wet gee ook aan die mediese professie riglyne oor hoe om as dokter en pasiënt verantwoordelik te wees.

---

**KOMMENTAAR VAN LESERS**

# Oor die praktyk van ratifikasie

## Dr J Visser van Roodepoort skryf:

Ek verwys na die artikel *Op die tafel of in die rak?* uit die pen van ds GJ Meijer in die September-uitgawe.

Ek vind dit jammer dat die skrywer, in sy verwysing na my boek *Die Kerkorde in praktyk* slegs die tweede paragraaf op bladsy 141 onder die opskrif 'Ratifikasiereg' aangehaal het. Dit plaas die aangehaalde paragraaf buite konteks.

Die eerste paragraaf onder die betrokke opskrif lui só: 'Ratifikasiereg is die vermeende reg wat 'n mindere vergadering sou hê om eers die besluite van meerdere vergaderings te 'ratifiseer' voordat dit regskrag het; dit beteken dat mindere vergaderings eers die besluite van meerdere vergaderings moet goedkeur en bekragtig (deur middel van ondersoek en toetsing om te bepaal of dit aan die bogenoemde voorwaardes voldoen), voordat hulle daaraan uitvoering gee. (Die 'bogenoemde voorwaardes' is dié wat in artikel 31 KO aangedui word, naamlik dat alle besluite geneem moet wees volgens die Woord van God, die Formuliere van Eenheid en die aanvaarde Kerkorde).

Die nie-aangehaalde paragraaf in my boek gee dus 'n duidelike 'definisie' van die histories-tradisionele begrip 'ratifikasiereg'. Dit maak dan ook duidelik hoe die paragraaf wat wel aangehaal is, verstaan moet word.

Opmerklik ook dat die skrywe handel oor die 'ratifikasie*plig*' (my kursivering, JV) van kerkrade, en nie oor die onaanvaarbare

'ratifikasiereg' van kerkrade, soos ek in die bogenoemde eerste paragraaf weergegee het nie.

Wat die skrywer in die hele artikel uitspel, is na my mening beslis geen verdediging van die gewraakte en ongeldige 'ratifikasiereg' van kerkrade nie; dit is niks meer nie as beklemtoning van 'n baie geldige plig van mindere vergaderings om die besluite van meerdere vergaderings te toets aan die voorwaardes van artikel 31 KO. Nêrens in die betrokke artikel word gesê of gesuggereer dat kerkrade die 'reg' sou hê om besluite van meerdere vergaderings, wat nie aan die vereistes van artikel 31 KO voldoen nie, eiegeregtig tersyde te stel asof dit geen regskrag het nie (die sogenaamde 'ratifikasiereg' wat ek onomwonde in my boek afwys).

Trouens, die skrywer sê pertinent dat in geval van 'ongeldigverklaring' die bewyse daarvoor by wyse van 'n beswaarskrif 'aan die kerkverband' bekend gemaak moet word.

Wat hier egter nie onomwonde gesê word nie, is dat die betrokke besluit(e) intussen, totdat die betrokke meerdere vergadering oor die beswaarskrif uitspraak gegee het, wel as vas en bindend beskou moet word. (Ek hoop dat dit ook die siening van die skrywer is.)

Dit wil dus voorkom asof daar tussen my en ds Meijer nie verskil van mening oor hierdie belangrike saak is nie.

Met hartlike groete, u vriend en broeder in die Here.

## Ds GJ Meijer antwoord soos volg:

Op die basis van vriend- en broederskap in die Here, waarmee dr Visser sy brief afsluit, neem ek vrymoedigheid om die volgende opmerkings te maak.

Met betrekking tot die term 'ratifikasie' blyk dit uit die vakliteratuur dat daar oor die algemeen geen duidelikheid bestaan oor wat dit presies inhou nie. Dr Visser se beskrywing van ratifikasie is een van vele. Wat wél vasstaan, is dat die woorde in artikel 31 KO *sal vir vas en bindend hou* 'n vertaling is van die Latynse 'ratum habere' (letterlik: geldig hou), waaraan 'ratum facere' (ratifikasie) duidelik verwant is. Ek stem heelhartig met dr Visser saam dat ratifikasie geen rég is nie, maar veel eerder 'n plíg omskryf. Trouens, in die vakliteratuur word oor die algemeen verwys na 'ratifikasie', en nie na 'die ratifikasie-rég' nie. Ratifikasie is 'n handeling binne die geheel van die Gereformeerde kerkreg, en geen reg op sigself nie

Soos in die artikel *Op die tafel of in die rak?* uiteengesit, is ratifikasie binne die Gereformeerde kerkreg 'n versamelterm vir drie agtereenvolgende aksies (elke aksie kan verder onderverdeel word, soos in die artikel verduidelik):

> 'n mindere vergadering moet die besluite van elke meerdere vergadering indringend bestudeer en aan die maatstaf van Skrif, belydenis en kerkorde toets;die getoetste besluite moet geldig verklaar en as eie besluite aanvaar word;die besluite moet uitgevoer word.

In die voorlaaste paragraaf van sy brief stel dr Visser *dat die betrokke besluit(e)* ***intussen, totdat*** *die betrokke meerdere vergadering oor die beswaarskrif uitspraak gegee het, wel as vas en bindend beskou moet word'*. Hiermee boor dr Visser die senuwee raak van die kerkregtelike prosedure wat uitgeloop het op die vrymaking in Nederland in 1944. Artikel 31 KO bepaal: *Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word* ***tensy*** *bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde*. Dr Visser verander die 'tensy' in 'totdat'. Die effek hiervan is ingrypend. 'n Ekstreme voorbeeld maak dit duidelik. Gestel 'n sinode besluit om uit te spreek dat Jesus Christus nie werklik uit die dood opgestaan het nie. Kerkraad A ontvang daardie besluit by wyse van sinodehandelinge amptelik op sy tafel. Die kerkraad bestudeer die besluit indringend, en toets dit aan die Skrif en die belydenis. Hy kom tot die slotsom dat die sinodebesluit ongeldig is, en teken beswaar daarteen aan (die verskillende stappe van ratifikasie word gevolg). Is die kerkraad *intussen* gebind aan die (volgens hom verkeerde) leeruitspraak van die sinode? Moet die kerkraad hom daarby berus *totdat* 'n volgende sinode uitspraak oor die beswaarkrif gee? Dit kan mos nie! Die oomblik as die kerkraad homself skriftuurlik, ordelik in 'n beswaarskrif teen die sinodebesluit uitgespreek het en die kerkverband dienooreenkomstig ingelig het, is die saak – wat daardie kerkraad betref – *sub judice*, en kan hy nie in sy gewete gebind wees om die betrokke sinodebesluit uit te voer nie.

'n Laaste opmerking. Ratifikasie in die Gereformeerde kerkreg het niks te doen met geldig máák van of regskrag verléén aan sinodebesluite nie. Indien 'n sinode 'n besluit suiwer volgens Gods Woord neem, ís dit geldig, reeds van die oomblik áf dat dit geneem is. Net so: indien 'n besluit nie volgens Gods Woord is nie, is dit reeds vanaf die oomblik dat dit geneem is, ongeldig. Langs die weg van ratifikasie word geldige besluite as geldig aanvaar. Teen ongeldige besluite word ordelik beswaar aangeteken, sodat dit reggestel kan word.

Uit dit alles word dit duidelik dat ratifikasie geen kerklike willekeur (elkeen maak soos hy wil) in die hand werk nie. Inteendeel, die innige en ware belewing van kerkverband word daardeur bevorder.

---

**PERSSKOU**

**Ds GJ Meijer**, Wonderboompoort

# MENSESLAGTING IN INDONESIË

Die volgende persverklaring is onlangs op die internet vrygestel:

*Ambon Christians told to get out by 31st of July, or die.*

*"The terrible ordeal of Christians in Ambon looks set to end in their complete annihilation," says Dr Patrick Sookhdeo, director of the Barnabas Fund, who is receiving daily reports from sources in Ambon. "This is a case of religious cleansing and outright genocide, but the international community seems powerless to act as thousands are slaughtered and hundreds of thousands face starvation."*

*The militant Islamic group Laskar Jihad have announced by loudspeakers their intention to exterminate all Christians in Ambon, in Indonesia's Maluku province. A deadline of 31 July was given for all Christians in Ambon city to leave, or be killed. The militants are systematically cleansing area by area of Chris-*

*tians, ransacking and burning their homes. The plan appears to be to eliminate the coastal communities first, and then Ambon city itself. The Christians are retreating into "safe" areas, which are becoming daily fewer.*

*An estimated 90% of Ambon city Christians have already fled their homes. Some are staying in churches and offices, others with family or friends. Tens of thousands - mainly women and children - are sleeping in the jungle and hills, most without shelter or bedding. First-hand reports speak of children sleeping on newspapers, or wrapped in a towel, because they have no blankets. Most of the under-fives are now ill because of the harsh conditions.*

*The main port and the only functioning airport are under Islamic control, so Christians must seek to leave the island from other ports, such as Benteng. But few if any ships are expected as militants in speedboats control the seas, sniping at other seafarers. More than 15,000 Christians are reported to be huddled on the piers of Halong naval base, hoping for a ship to come. Inadequately clothed for the rainy season, they are wet, hungry, sick and terrified. Other Christians despair of finding safety anywhere and see no point in leaving Ambon, thinking they will be attacked wherever they go, including out at sea. "They assess the risks of drowning as higher than the risks of being killed. What a terrible choice!" commented one reliable, on-the-ground source to the Barnabas Fund. Other reports describe Christians who are so traumatized by the killings and destruction that they cannot make decisions but just sit and stare. With the supply routes cut off, at least for Christian areas, the Ambonese Christians are trapped on their island without access to food or medicine. A missionary source in Indonesia commented to the Barnabas Fund, "We have the potential for a real tragedy in the next few days (by attack) or weeks (by starvation and terrible living conditions)." Up to 10,000 well armed Laskar Jihad militants have arrived in Maluku and North Maluku provinces since May. They are armed with mortars, bombs, and Indonesian army-issue carbines and rifles, and equipped with British-made armoured cars. Defense Minister Juwono Sudarsono has admitted that elements of the army are fighting on the side of Laskar Jihad. But President Abdurrahman Wahid refuses to allow the deployment of United Nations peacekeepers.*

'n Ontstellende persverklaring. Die kerkgeskiedenis van die eerste eeu na Christus - toe die kerk wreedaardig deur verskeie keisers van Rome vervolg is - herhaal homself. Die kerk is martelaarkerk. Satan slaan wreed en hard. Wat staan ons as christene in 'n betreklik rustige Suid-Afrika te doen ten aansien van hierdie onbeskryflike nood? Nommer een: voorbidding, smeking, 'n voortdurende pleit dat ons medegelowiges wat onder so 'n tirannie gebuk gaan, in hulle geloof staande mag bly. Daarmee saam: 'n onderskeiding van geeste in ons eie omgewing. Die Islam wêreldwyd begin al hoe meer sy ware kleur wys. Dit gee hom voor as 'n godsdiens van vrede (islam en sjalom is direk aan mekaar verwant), maar is inderwaarheid 'n godsdiens vol bloeddorstigheid. Ter plaatse moet die optrede van Islam beslis nie as politieke magspel (Pagad) afgemaak word nie. Die stryd is vrou versus slang, vrouesaad versus slangesaad, christen versus islamiet.

## NIE-BLOEDIGE SLAGTING

Uit die verloop van die kerkgeskiedenis is dit duidelik dat Satan nie net met swaard en geweer op die kerk van Christus toeslaan nie. Dwaalleer rondom die Persoon en werk van ons Here Jesus Christus het die kerkgeskiedenis van die vierde en vyfde eeu beheers (Arius en Pelagius). Ook daardie geskiedenis herhaal homself in ons tyd.

In *Beeld* van 13 Oktober 2000 skryf Neels Jackson oor die *Groot Soektog na die Ware Jesus*. Dit is beslis geen nuwe debat nie, maar wel springlewendig – met die nodige verwoestende gevolge. Enkele snitte, waarin ook aanhalings van ander skrywers voorkom, word uit die artikel geneem.

*Die leer oor die maagdelike verwekking van Jesus en die leë graf is twee sake waarop navorsing oor die historiese Jesus 'n nuwe lig werp.*

*Die leer oor die maagdelike verwekking was blykbaar in die eerste eeu van die christendom nie 'n belangrike leerstuk nie, soos blyk daaruit dat net twee evangelies (Matteus en Lukas) daarna verwys. In nie een van Paulus se geskrifte, die evangelie van Markus of Johannes of enige ander deel van die Nuwe Testament is dit ter sprake nie.*

*Die twee evangelies wat dit wel vermeld, is volgens Bybelwetenskaplikes sowat vier dekades ná die kruisiging in verskillende kontekste geskryf – en volgens die navorsers is daar verskillende redes waarom die twee evangeliste die konsep van die maagdelike verwekking in hulle verhale gebruik het.*

*Lukas het vir nie-Jode geskryf en hy wou die insig van die vroeë kerk 'dat Jesus van God kom' aan sy lesers oordra.*

Jackson haal prof. Andries van Aarde van die Universiteit Pretoria se fakulteit teologie aan. *Prof. Van Aarde sê Lukas doen dit deur Jesus teenoor keiser Augustus en ander Romeinse keisers te plaas. Daar was destyds oor hulle verhale van wonderbaarlike geboortes en vergoddeliking in omloop.*

*Ook in die Griekse wêreld was daar legendes van helde soos Perseus en Herakles se goddelike geboortes waarby Lukas aangesluit het.*

*Matteus, wat aan Jode geskryf het, moes wal gooi teen die beskuldiging dat Jesus 'n buite-egtelike kind was. As verweer gebruik hy die verhaal van maagdelike verwekking. Só wou ook hy die boodskap oordra dat Jesus 'van God kom'.*

Saamgevat: *Die maagdelike verwekking is volgens navorsers nie noodwendig 'n historiese waarheid nie, maar dit beteken nié dat daar geen waarheid in is nie. Die teologiese waarheid wat dié verhale oordra, is dat Jesus van God kom.*

Met betrekking tot Jesus se kruisiging skryf Jackson: *Navorsers meen sy liggaam het nie lewend geword nie. As dit nie aan die kruis gelos is vir die aasvoëls en wilde diere nie, is hy waarskynlik in 'n vlak graf begrawe.*

*Verhale oor die leë graf het volgens hulle waarskynlik nie 'n historiese grondslag nie. Waaroor daar redelik konsensus is, is dat volgelinge van Jesus, soos Petrus, 'n soort opstandingservaring gehad het – wat hulle vertolk het as sou Jesus uit die dood opgestaan het.*

*Historici onderskei tussen die Engelse woorde 'resuscitation' (bybring, wakker word) en 'resurrection' (opstaan uit die dood).*

*Die opstanding, sê hulle, was nie die 'resuscitation' of bybrenging van 'n lyk nie, maar iets anders. Dit sou klop met die opstanding van 'n nuwe verheerlikte liggaam waarvan 1 Korintiërs 15 praat... deur die navorsing só te verreken, kan mense wat die resultate daarvan ernstig bejeën steeds gelowiges bly.*

Dr Daan van Wyk, 'n Hervormde teoloog, bepleit in sy doktorale proefskrif dat die kerk kennis moet neem van dié navorsing. *Daar is lidmate met verskillende denkraamwerke in die kerk. Party mense aanvaar bloot die Bybel as volledige en gesaghebbende Woord van God en kan die resultate van sulke navorsing ignoreer. Ander mense sien die geskiedenis egter só dat iets wat nie letterlik histories gebeur het nie, nie 'waar' kan wees nie. Dié mense kan hulle geloof verloor as hulle gekonfronteer word met resultate van die navorsing oor die historiese Jesus.*

Van Wyk se slotsom: *Die postmodernisme maak ruimte vir verskillende beroepe op die waarheid. Die waarheid hoef nie noodwendig deur historiese feitelikheid begrond te word nie. Die kerk moet die oorgang van ou denkraamwerke na nuwes verwerk ... Dit sou die kerk by die punt kon bring om opnuut na sy belydenis te kyk – deur 'n eietydse interpretering van die bestaande belydenisse of deur 'n nuwe belydenis.*

Wat sal nog alles deur 'navorsing' na die oppervlak gebring en as 'teologiese nadenke' gepresenteer word? God Self maak bekend dat sy Seun 'in alle opsigte aan sy broeders gelyk geword het, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen (Hebreërs 2:17)'. Maar die mens verklaar (effektief: verwerp) Jesus se maagdelike geboorte in terme van die gangbare gedagtes onder Grieke en Romeine. God Self verklaar in 1 Korintiërs 15:20 – 'Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het'. En Hy waarsku sy kinders indringend (verse 16 tot 18) – 'As Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore'. Maar navorsers reken dat mense 'nog steeds gelowiges kan bly', ook al glo hulle geen snars van die feite wat God bekend maak nie. Die leuenverhaal wat soldate met sakke vol omkoopgeld op die dag van Christus se opstanding versprei het (Matteus 28:11-15), is klaarblyklik die nuwe vertrekpunt vir teologiese navorsing. Hoe meer ruimte vir twyfel, hoe beter. Intussen verslaan Satan sy tienduisende – sonder 'n geweer.

# *GEBED VAN CALVYN*[1]

'n Gebed na aanleiding van 'n Skrifstudie
oor *Jeremia 1:1-10* en dan veral vers *5b*:

**'Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak.'**

*U het u kneg Jeremia uitverkies in u groot sorg vir u ou kerk. Maar dit was u bedoeling dat die bediening van u kneg ook vir ons tyd vrug sou dra. Gee ons dan, o almagtige God, dat ons ons nie ondankbaar daarvoor toon nie. Laat ons u gawe so ontvang, dat daar werklike vrugte by ons gevind word, tot eer van u Naam. Laat dit die vrug wees: dat elkeen van ons leer om aan U gehoorsaam te wees en sy volle krag in sy amp en beroep in u diens te wy. Laat ons almal saam daarna streef om u heerlike Naam in die koninkryk van u eniggebore Seun te verbrei, totdat ons een maal ons stryd gestry het en uiteindelik rus verkry, wat vir ons verwerf is deur die bloed van u Seun.*

*Amen*

[1] Vertaal in Afrikaans deur dr AH van den Bout vanuit die Nederlandse teks van die hand van ds AG Barkey Wolf, uitgegee in 1940 deur DA Daamen, Den Haag.